

Pc1111110/101

ALAN PATON
COMPTRE
1910

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die O.V.S.

Kantoor van die Saakgelastigde.

MODERATUUR:
EERW. J. P. H. WESSELS, MODERATOR
DR. C. H. BADENHORST, ASSESSOR.
EERW. J. J. PANSEGROUW, ACTUARIUS.
EERW. J. P. JACOBS, SCRIBA.



POSBUS 1004,
BLOEMFONTEIN, O.V.S.,

Alle Korrespondensie moet gerig word aan:
DIE SAAKGELASTIGDE.

24 Februarie 1949.

Mr. Alan Paton,
P.K.Anerley,
NATAL.

Seer geagte mnr. Paton,

Van prof.dr.Gerdener, Stellenbosch het ons 'n skryweontvang dat u gewillig sal wees om die vertaalregte van gewaardeerde boek " Cry, The Beloved Country" aan ons af te staan. Graag verneem ek nou van u of ons kan aangaan om die boek in Zulu te vertaal en of ons Sendingspers die kopiereg daarvan sal ontvang.

Ook sal ek bly wees as u ons kan laat weet watter vergoeding of deel van die winste u sou verlang. Indien u 'n sekere persentasie van die wins sou wou hê sal dit natuurlik wins beteken nadat alle koste afgetrek is. Maar ek laat hierdie saking aan u oor om voorstelle te maak. Die plan is om sowat 2,000 eksemplare te laat druk.

Ons sal dit baie waardeer indien u u vriendelike toestemming wil gee tot die vertaling van hierdie boek. Ons reken dat dit van onskatbare waarde vir die naturel sal wees. Miskien oorweeg ons later ook 'n vertaling in nog 'n ander naturelletaal ook.

Baie dankie byvoorbaat vir 'n gunstige antwoord,

Hoogagend die uwe,

Bloedraad
SAAKGELASTIGDE.